

# Die Lewende Kerk



## Bergbron Gemeente

*Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding*

*Sondag 28 Augustus 2016*

### **Baie Welkom by ons Nagmaaldiens!**

[www.bergbron.org.za](http://www.bergbron.org.za)

#### **Erediens**

Vandag se erediens word gelei deur Herman Coetzee en Nagmaal word bedien deur ds Stephan Briel

Lees: 2 Korintiërs 10

God se antwoord

#### **Omgee:**

- Martie Ackerman is met kanker gediagnoseer en het begin met chemo behandeling.
- Hendrik Fritz is in “Ons Huis” Florida, kamer 13.
- Jacques Moolman se pa is met ‘n gewas op die brein gediagnoseer.

#### **Offergawes:**

Offergawes: ‘D’ gemerk: vir behoeftiges. Ongemerk: instandhouding v/d erediens.

#### **Afkondigings:**

- Anderediens vandag om 17:30.

- **Kursusse en seminare** vir hierdie kwartaal: **2-4 Sept Victory in Jesus Christ GK Meadowlands**; 16-18 Sept Oorwinnaars Nelspruit; 23-25 Sept Oorwinnaars Reitz.
- **Die kerkraad vergader** DV Dinsdag (30/08) om 19:00 in die kuierkamer.
- Die **Gesinne-selgroep** wil Sondae na die ere diens begin met 'n kursus wat handel oor jou skeppingsdoel van Bruce Wilkinson (You were born for this). Enigiemand is welkom om dit by te woon. Kry verdere besonderhede by ds Stephan.
- **Tee/koffie skinkbeurt** – **vandag** is dit Nagmaal, met die Teelepel-ete na die diens. Volgende Sondag skink Groep 6: Diakens.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, kantoor@bergbron.org.za of sms na 072 651 8286).

## Teelepel-ete vandag na die diens

- Ons nooi almal, in besonder lidmate wat nog nie voorheen kom saam eet het nie, om die geleentheid te kom bywoon.
- Dankie aan elkeen wat gehelp regmaak het, kos gebring het en donasies gegee het.
- Gee asseblief net kans dat die laaste voorbereidings gedoen is en vir die tafelgebed, voor julle begin ete opskep.

## Jy kan Help

- Diakens vra: Komberse en tweedehandse klere – gee vir Carel Cornelissen.

## Lekker verjaar ...!

Verjaardae vandag en in die week:

02/09 Maureen MOOKI 073 158 7361

03/09 George RUTHVEN (75)

# Mag die Here jou oorvloedig seën

## Gebed: Wag op die Here

**JESAJA 40:30,31** *Die jonges word moeg en mat, en die jongmanne struikel selfs; maar die wat op die HERE wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie.*

Kom ons kyk na die eienskappe van die arend, en pas dit op ons lewens toe soos die Skrif ons leer om te wag sodat ons kan opvaar bo ons omstandighede en God deur dit verheerlik. Daar is sekere eienskappe wat jou bemoedig, maar dit gaan gepaard met wag in die stryd. Dit is nie 'n kitsoplossing om te wag nie.

**KENMERKE VAN DIE AREND. ARENDE KAN BAIE OUD WORD.WIE BEGEER NIE OM SOOS DIE AREND TE WEES NIE?**

1) DIE AREND IS DIE VINNIGSTE VOËL IN DIE LUG

- 2) DIE AREND KAN VER EN WYD SIEN.
- 3) DIE AREND HET NIE 'N AANLOOP NODIG OM TE BEGIN Vlieg NIE.
- 4) DIE AREND IS DIE VOËL WAT DIE HOOGSTE KAN Vlieg
- 5) DIE AREND Vlieg BOKANT DIE STORMS UIT.
- 6) DIE AREND IS DIE ENIGSTE DIER WAT REGUIT IN DIE SON KYK.
- 7) DIE AREND WORD TOT 120 JAAR OUD.

Die Arend kies in hierdie 120 jaar net een maat, en bly by hierdie een maat tot aan die einde van sy lewe. Ons leer van die Arend, oud en jonk. Wanneer hy sy maat gekies het, vlieg hy hoog in die lug met haar, en hou haar met sy vlerke vas. Dan sal hy na die grond toe val, en net voor hulle naby die grond is, haar los dat sy kan vlieg voor sy op die grond val. Hy doen dit drie keer, en dan doen sy dieselfde. Hulle leer om mekaar te vertrou. Nou eers sal hulle paar.

Dit wat nodig is vir 'n goeie gesonde verhouding, is nou gebou naamlik: Liefde , Respek en Vertroue

- 9) DIE AREND HET 'N PAAR BESONDERE GEWOONTES

Hulle bou hul huis hoog op die rotse. Hy bou dit weg van al die gevare naby riviere en blomme. Die wrede skerp kloue sal nie kleintjies seer maak op enige stadium nie, tog skop hy hulle op 'n bepaalde tyd uit die nes.

- 10) DIE AREND SE BESONDERE GEBEURTENIS AS HY OUER WORD

Op 40-60 jr is hy nog baie sterk. Hier gebeur iets wat min mense van weet. Na al die gevegte, huis bou, aas soek en kinders grootmaak, vorm daar kalsium om sy bek wat sy bek laat swel. Hy begin om sy kragte te verloor, en moet wegkruip in storms en kan nie jag soos voorheen. Die aas word vir hom aangedra deur die wyfie, en die reuk van bloed maak dat hy sy kop wegdraai van die aas. Hy weier om te eet en onthou hoe hy was. Sy naels word letterlik deur hom uitgeskeur, vere word uitgepluk en hy kap sy bek tot die bloed loop teen die rotse om die kalsium af te kry. Hy lyk aaklig om die minste daarvan te sê.

Dan gebeur daar iets wat vir ons baie lesse leer. Die wyfie voer hom heuning en staan hom by in hierdie moeilike tydperk. Na 30 dae is sy naels, vere en bek volkome genees .

Hy het gewag!! Na 40 dae is hy op die rots en hy Wag!!!

Dan, op 'n gegewe stadium, kyk hy reguit in die son dat daar letterlik trane uit sy oë kom. Die volgende oomblik sal hy opvaar met nuwe krag. Hy maak 'n besondere geluid as hy opvaar, hy sing vir die eerste en enigste keer 'n "lied" , 'n lied van oorwinning. Hy het gewag, maar vaar nou op met nuwe krag.

Daarom dat die Here die Arend as voorbeeld gebruik. Hulle bly in die stof met al die storms wat dreig. Leer van die Arend, en word soos die Arend wat bokant die storms vlieg. Moenie moed opgee nie, wag! In tye van swakheid, wag!

Die Here herstel dié wat op Hom wag! Die antwoord om soos die Arend te wees lê in Jesaja 40:31 *maar die wat op die HERE wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie.*

Die antwoord lê nie by mense nie. Hoor wat sê die Skrif: Jesaja 40:29 *Hy gee die vermoeide krag en vermenigvuldig sterkte vir die wat geen kragte het nie.*

**Ek kan nie op gister se krag of swakhede fokus nie: Wie vind baat by “dié wat wag”? Dié wat Hom vertrou word soos die Arend. Leef soos die Arend!**

Vaar bo jou omstandighede uit

Kyk om ver en wyd te kan sien, nie soos 'n perd met oogklappe nie.

Kry elke oggend vars voedsel wat die Here gee  
Vaar op met die krag van die Here  
Sien al die gevare en moontlikhede raak  
Vlug reguit na die Here toe as die vyand jou aanval  
Kry jou huis in orde weg van die wêreld  
Deur dit alles word jy sterker as ooit tevore  
*Wag op die Here. Mag ook jy die vreugde smaak van die nuwe krag om op te vaar.  
Om bokant jou omstandighede te styg*

## Bergbron besonderhede

**Bergbron webwerf:** [www.bergbron.org.za](http://www.bergbron.org.za)

Ds. Stephan Briel – herder en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029,  
[stephan@bergbron.org.za](mailto:stephan@bergbron.org.za)

Pastor Gordon Calmeyer – assists with ministry and pastoral care: 011 672 1219, 076  
867 3125, [zooch234@gmail.com](mailto:zooch234@gmail.com)

Musiekdiensgroep – vakant (kontak ds Stephan of kerkkantoor)

Jeug – Vernon Fortune: 071 217 7792, [vernonfor.vf@gmail.com](mailto:vernonfor.vf@gmail.com)

Gebedsgroep – Gerhard en Susan Botha 0835379770

Berading – Marietjie Volschenk 082 602 3023

**Bankbesonderhede:** Gereformeerde Gemeente Bergbron, ABSA Parktown, rek.  
180 350 349

Kantoorure: Dins, Do en Vrydae van 09:00 tot 13:00. Tel. 011 673 9705

**[kantoor@bergbron.org.za](mailto:kantoor@bergbron.org.za)**

**Diakens:** kontak Carel Cornelissen: 083 717 0003.

**Ouderlinge:** Wesley Abourizk 071 492 7395; Pieter de Klerk 082 464 9480;

Jacques Moolman 072 277 0036; Fanie Olivier 079 710 2344; Willie Volschenk 082  
777 7734.

## Wil jy by die gemeente aansluit?

Vul asseblief 'n **pienk vorm** in - op die tafel by die deur. As jy 'n bewys van lidmaatskap het, gee dit saam met die vorm vir die predikant. Bel ds. Stephan (011 477 2133 of 082 253 3029) of vir Ankie by die kerkkantoor (011 673 9705).

## Ander Nuus

- **Heinz Winckler** tree op by FEBA Radio se Verjaardagkonsert.  
Datum: Vrydag 9 September 19:00.  
Adres: Kerk Sonder Mure, Centurion  
Koste: R 70-00 pp – kaartjies by Computicket
- **Oud-Pukke** Kuier in Johannesburg: die Puk se kampusrektor nooi oud-Pukke en ouers van voornemende studente uit na 'n gesellige saamtrek op Dinsdag, 20 Sep 2016, 18:30 vir 19:00 Plek: The Butlers Caterers, Blue Valley Estate, Rooihuiskraalweg. Drag: Netjies, informeel. Koste: GRATIS vir eerste 50 mense wat bevestig, R100 p.p daarna. Ete en 'n bottel wyn per tafel word voorsien. Metgeselle welkom. Slegs 150 plekke beskikbaar. [Abigail.leshope@nwu.ac.za](mailto:Abigail.leshope@nwu.ac.za) / 018 299 2770